

Aswoensdag

Aswoensdag is die dag waarop Lydenstyd begin.

In die kerklike tradisie het daar verskeie gebruike tydens Aswoensdag ontstaan. Een daarvan is om die palmkruisies wat vir die vorige jaar se Palmsondag gevou is, te verbrand, die as met olie te



meng en daarmee 'n kruis op die

voorkop of die agterkant van die hand te teken. Dit gebeur in baie gemeentes tydens 'n Aswoensdagdiens wat in die oggend of in die aand gehou kan word.

Tydens Aswoensdag val die fokus op ons eie sterflikheid - nie as 'n bedreiging nie, maar as 'n natuurlike einde aan die lewe waarmee ons vrede kan maak. Saam met die apostel kan ons uitroep: "Dood, waar is jou angel!" (1 Korintiërs 15:55)